

Sing vooraf: Psalm 100 (beurtsang)

1-

Juig, al wat leef, juig voor die HEER! / Dien God met blydschap, gee Hom eer;
kom nader voor sy aangesig, / en prys Hom met 'n lofgedig!

-2-

Die HEER is God, erken dat Hy / 'n eie volk vir Hom berei,
'n volk om Hom te dien en vrees / en skape van sy wei te wees.

-3-

Gaan deur sy poorte in met lof, / met lofsang in sy tempelhof;
kom in sy huis, o bondsvolk, saam; / verhef sy lof en prys sy Naam.

-4-

Want goedertieren is die HEER; / sy goedheid eindig nimmermeer;
sy trou en waarheid hou hul krag / tot in die laaste nageslag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 147:2

2 Hy heel gebrokenes van hart, / en Hy verbind hul in hul smart.
Sy oë speur oneindig ver; / Hy tel en roep die laaste ster;
sy krag en kennis, ongemeet, / oorwelf al wat ons ken en weet.
Sagmoediges verhef Hy weer, / maar goddeloses werp Hy neer.

Gebed

*U goedertierenheid wat altyd getrou is en voortdurend naby ons bly, Here, is altyd deur
ons lewens die helder ster wat aan ons lewensweg die rigting gee. Ons dank U vir die
liefde en trou waarmee U ons elke dag versorg. Ons dank U dat ons nie gebrek ly nie,
omdat U versorging oor ons nooit te kort skiet nie. Ons bid ook vir die wat minder
bevoorreg is. Ken ook hulle in die smarte en hartseer van hulle lewens. Verhoor ook met U
genade wanneer hulle tot U roep met smeekgebode.*

*Ons dank U dat ons kinders is wat U as ons Vader het. Ons dank U vir die geloof in die
Here Jesus Christus, en dat U Heilige Gees ons voortdurend nog versterk in hierdie
geloof. Ons smeeke van U die krag en die moontlikheid af dat die waarhede van U Woord
altyddeur vir ons sal bly vasstaan, en ons dit nie in ons ongeloof mag betwyfel nie.*

*Ons bid in diepe afhanklikheid van U dat U ons in ons geestelike versorging met seëninge
bo die maat begenadig. Want in hierdie tyd is dit net ons geloof wat aan ons bestaan sin
gee. As U teenwoordigheid en U koninkryk nie vir ons op die wolke aan die kom was nie,
waarvoor sou ons dan lewe?*

*Maar by al ons smeking vir daaglikse versorging en nabyheid, smeeke ons U ook om ons
ons sondes te vergewe.*

*Daar is nie een van ons wat kan roem op 'n sondelose lewe nie. Ons sondig meer as
waarvan ons rekenskap sou kon gee met ons gedagtes, woorde en werke. Hoe dikwels is
ons U en ons naaste tot oneer met ons taal en woordgebruik. Hoe dikwels oorheers die
sonde en sy vervloeking ons gedagtes? Here, as U ons nie hierdie oortredinge vergewe
nie, in ons krag sal ons nie daarvan ontslae raak nie.*

*Gaan ook met ons deur hierdie nag. Mag U nabyheid ons so begelei dat hierdie hele dag
tot u eer mag wees. Ons bid dit om Christus wil.*

Amen.

Psalm 149:1

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank,
o al sy gunsteling! / Laat Isr'el voor sy Maker juig,
laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!

Skriflesing: Johannes 16

Teks: Johannes 16:8-14; Kategismus Sondag 3

. . . en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde, omdat hulle in My nie glo nie; en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie; en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is. (Johannes 16:8-11 AFR53)

In Johannes 18 lees ons van die Here Jesus Christus se verhoor voor Pontius Pilatus.

- Op 'n stadium vra Pilatus vir Jesus: Is U dan tog 'n koning?
- Dan antwoord Jesus dat Hy gebore is en in die wêreld gekom het om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na Hom.

Dan vra Pilatus: Wat is die waarheid?

- Het hy dalk spottend hierdie vraag gevra?
- Of het hy die waarheid dalk net so goed geken soos ons, en ook net goed soos ons besef dat hy en al die mense langs die waarheid verby lewe?

Kyk na ons maatskaplike lewens.

- Bedrog is nie vreemd nie.
- Oneerlikheid is altyd iewers tussen ons aan die lewe.
- Onregverdigheid.
- Kliëkvorming – waar mense saamspan teen ander om hulle byvoorbeeld uit 'n posisie uit te werk.
- Dieselfde kan gesê word van die regerings wat die volke regeer. Daar is altyd die een of ander oneerlikheidskandaal.

Ons sou 'n fout maak as ons wil beweer dat hierdie dinge net in die lewe “buite” ons om gebeur. So gaan dit persoonlik met elkeen van ons, veral in ons geloofslêwe.

- Ons doen ook in meerdere of mindere mate hierdie dinge.
- Hierdie soort van dinge word gedoen deur mense wat hulleself die kinders van die waarheid noem! Kinders van God deur Jesus Christus.

Ons verstaan waarom Pilatus gevra het: Wat is waarheid?

- Want ons wat kinders van die waarheid is, lewe baie vasgevang in die leuen totdat ons doodgaan.

Waar pas die waarheid en ons sonde dan in mekaar? Hoe het dit gekom dat ons so onverskillig geword het? Het die Here my so gemaak? Dit is waaroor dit gaan in die Heidelbergse Kategismus Sondag 3.

- Hierdie dinge kan ons alleen verstaan en begryp as die Heilige Gees ons in hierdie kwessie lei.
- Met ons eie verstand kan ons dit nie beredeneer nie, en ook nie altyd verstaan nie.

Kom ons kyk na ons skepping. Was daar net waarheid, of is die leuen in ons ingeskape?

- Dadelik staan ons in die donker sover dit ons eie kennis aanbetref.
- Ons kan slegs oor hierdie saak redeneer met die kennis wat ons uit die Bybel het.
 - Ons moet onvoorwaardelik glo wat die Here aan ons oor hierdie saak openbaar.
 - Buiten hierdie openbaring van God weet ons niks van ons skepping nie en ook niks van sonde en die ontstaan van sonde nie.

Daarom moet ons dit dadelik duidelik stel: Óf ons aanvaar hierdie feite soos wat die Here dit leer onder die leiding van die Heilige Gees, óf ons is ongelowiges wat ons buitendien nie aan die kwaad steur nie.

Die kerke het nog deur al die eeue onvoorwaardelik aanvaar dat die mens deur God geskape is.

- Dit is waarom dit in ons belydenis ook as vanselfsprekend aanvaar word.
- Dit word nie eers beredeneer hoe of wie die mens geskape het, en waar sy oorsprong is nie.
- Daarom begin ons belydenis met hierdie vraag: Het God dan die mens so boos en verkeerd geskape? Omdat ons aanvaar ons skepping het deur God plaasgevind.

By die aanvaarding van die skepping deur God ontstaan daar dan natuurlik vir ons groot geloofsprobleme.

- Waarom tree ons dan so roekeloos op in ons lewe?
- Kom al hierdie kwaad dan van die Here af?
- Is dit moontlik dat God wat groot en goed is, dan ook die oorsaak van die kwaad en die sonde kan wees?

Dis 'n soeke na die waarheid.

Dan vermeld die Bybel net die volgende gegewens: God het die mens goed en na sy ewebeeld geskape. Dus: sonder sonde.

Verder leer die Bybel ons dat God nie die Skepper van die sonde is nie.

- Die mens is inderwaarheid sonder hierdie leuen in hom tot stand gebring.
- By ons skepping was die mens rein – soos God.
- Die mens was in staat om op die aarde 'n sekere doel te vervul.

Die doel waarom die mens geskape is, was om die Here te loof en te prys, en om die skepping en die diere in die Naam van God te regeer.

Die Here openbaar wel dat Hy ons geskape het met bepaalde eienskappe waarvan ons nie leer dat die Here dit in die res van die skepping ook gedoen het nie.

- Die mens is geskape met die geregtigheid van God.
- Hy het kennis by God gekry wat hom van die diere en plante onderskei.

Die mens kan God dan tog nie verwyf dat Hy die oorsaak is van die leuens in ons lewe nie.

- Ons is geskape met die vermoë om te weet wat is reg en verkeerd.
- Ons is geskape met kennis – anders sou God ons nie die opdrag gee om te bewaak nie!
- Ons is dus geskape met die beginsel van die waarheid in ons.

Dit beteken dat ons aanvanklik gedeel het in die waarheid waarvan Jesus vir Pilatus vertel, want ons was geskape om God van harte lief te hê, en om net die regte dinge te kon doen.

Die volgende vraag in ons belydenis wil dan ook weet: Waar kom ons verdorwe aard dan vandaan?

- Dis tog duidelik dat dit nie die Here se skuld is nie, maar dit moet tog iewers vandaan kom, want ons besef, selfs sonder dat ons gelowiges hoef te wees, dat ons baie slegte dinge doen.

Dan moet ons maar weer eerlik wees. Daar was twee sondevalle.

- Die een was in die hemel.
 - Satan en sy engele val wanneer hulle teen God in opstand kom.
 - Uit hulle wêreld dring die sonde dan ons wêreld binne.
- Die tweede sondeval is wanneer Adam en Eva die duiwel gehoorsaam en teen die Here oortree.

Die waarheid is dat dit die mens se skuld is dat daar toe sonde in ons wêreld gekom het.

- Want die mense van die Paradys was so geskape dat hulle die krag gehad het om die duiwel te weerstaan.
- Hy het nie so 'n groot houvas op hulle gehad soos wat hy deesdae op ons het nie.

Die Here het aan hulle die opdrag gegee om die aarde vir hom te bewerk.

- Die opdrag sluit ook in dat hulle alle kwaad moes bestry wat hulle moontlik kon raakloop.
- Dit was nie 'n moeilike opdrag nie, want dit was vir hulle maklik om die kwaad uit te ken. Omdat hulle volmaak was, was die kwaad vir hulle vreemd.

Daarom is dit so vreemd dat by die eerste aansporing teen God, hulle die Here verraai.

- Hulle verruil hulle gehoorsaamheid aan die Here vir gehoorsaamheid aan die satan.
- Dit is waarom die mens selfs ook nog uit die Paradys gedryf word.

Dit het glad nie gegaan om die feit dat dit 'n sekere boom se vrug was nie.

- Dit kon enige boom gewees het.
- Dit gaan daarom dat hulle lojaliteit en getrouheid aan God gemeet kon word aan die feit dat hulle sy gebooië gehoorsaam as hulle nie van die sekere boom eet nie.
- Die ongehoorsaamheid kom prakties neer op verraad.

Daarmee het hulle al die Here se beloftes teenoor hulle verag.

- Hulle was ook ongelowig teenoor die Here.
- Dit terwyl hulle tot op daardie oomblik slegs liefde en alles wat goed is, van God ontvang het.
- Die twyfel beweeg hulle dan sonder rede ook tot ondankbaarheid.

Die vloek wat God dan oor die komende mensgeslag en oor die diere en plante uitspreek, om die mens se ongehoorsaamheid te straf, is heeltemal regverdig.

- Daar word ook die organiese band gelê tussen ons en die sonde.
 - Die hele menslike geslag is vervloek. Ook ek en u.
 - Daarom word ons in sonde ontvang en gebore.
- Met hierdie daad het ons almal kragteloos geword – onrein mense wat elke dag deur die sonde voortploeter.

Maar die besef van hierdie ontsettende waarhede maak nie van ons verlore mense nie. Dit is juis waar die krag van ons geloof ter sprake kom.

- Ons besef ons word vervolgd deur die kwaad, en daarom is daar soveel gevolge daarvan in ons lewens.
- Maar ons besef ook dat ons deur die Here Jesus Christus weer deel in die genade van God. Hy beheers ons met die werkinge van God die Heilige Gees.

Die satan kan dalk my lewe op die aarde verrinneweer, maar die genade van ons God is so groot dat Hy Jesus Christus vir ons sondes laat sterf het.

- Dit beteken dat die satan geen invloed het op my lewe na die aardse lewe nie.
- Die Here Jesus ly vir my ongeregtigheid en doen daarvoor versoening sodat daar vir my 'n geldende waarheid by God kan wees.

Dit is die betekenis van Jesus se antwoord vir Pilatus.

- Ons is van die waarheid, en daarom luister ons na Hom.
- Die waarheid is dat Hy gesterf het en God die leuen en onwaarheid van ons lewe gestraf het.
- Met die leuen bestraf, bly daar mos net waarheid oor.

Maar hierdie dinge moet nie net op die agterbladsye van my Psalmboek staan nie. Dis nie die plek waar my belydenis hoort nie. Dit behoort in my hart sodat ek daarmee 'n lewende geloof kan bou.

Daar staan nie verniet in die volgende vraag of ons nou tot niks goeds in staat is nie.

- Dis om ons te laat besef dat ons nie verlore is nie.
- Ons gooi nie tou op as ons ons Bybel gelees het en nou lees ons dat ons geloofsleer ook nog hierdie verskriklike waarhede onderstreep nie.

Ons kan goeie dinge doen. Dis die ander helfte van die waarheid omtrent ons. Ons is nie net sleg nie. Die Here het elkeen van ons lief. Daarom is daar meer as genoeg genade ook vir ons.

- As jy 'n Godskind is, sal jy die Gees van God met jou hoor praat.
- Hy kan jou beweeg tot die goeie.

Gaan nou terug, en pak die lewe weer aan.

Gaan nou terug en gaan versoen jou met jou naaste.

Probeer nou weer om 'n sukses te maak van die doopbelofte wat jy voor God afgelê het.

Kom ons lees saam wat ons belydenis van al hierdie dinge leer in die Heidelbergse Kategismus Sondag 3:

Vraag 6: Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep?

Antwoord: Nee, God het die mens goed (a) en na sy ewebeeld geskep (b). Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys (c). (a) Gen 1:31. (b) Gen 1:26, 27. (c) Ef 4:24; Kol 3:2; Kor 3:18.

Vraag 7: Waar kom hierdie verdorwe natuur van mens dan vandaan?

Antwoord: Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys (a). Daar het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word (b). (a) Gen 3; Rom 5:12, 18, 19. (b) Ps 51:7; Gen 5:3

Vraag 8: Is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is?

Antwoord: Ja (a), behalwe as ons deur die Gees van God weergebore word (b).

(a) Gen 8:21;6:5; Job 14:4; 15:14, 16, 35; Joh 3:6; Jes 53:6. (b) Joh 3:3, 5; 1 Kor 12:3; 2 Kor 3:5.

Amen.

Slotgebed

Skenk aan ons U vrede sodat ons ware dankbaarheid teenoor U mag betoon, omdat U ons uit die sonde en ons Godsverlating bevry het. Skenk aan ons die sekerheid van hierdie deel van ons geloof, sodat ons sonder wankeling sal vasstaan in die verlossing van ons Here Jesus Christus.

Amen.

Slotpsalm 148:5

5 Laat almal saam die HERE prys: / sy Naam alleen het hoog gerys;
oor aarde en hemel, ver en wyd, / sien ons sy glans en majesteit.
Hy wou die horing vol vermoë, / die glorie van sy volk verhoë:
Sing dan, o volk, met hoog geskal / die lofsang van die groot heela!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: Nabetrugting – Feesnagmaal 5 Mei 2007

Gereformeerde Kerk Clanwilliam. Datum 27 April 2014